UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Universiteit Stellenbosch, Departement Afrikaans en Nederlands

188 AFRIKAANS AS TWEEDE TAAL

Slegs studente wat Afrikaans as Eerste Addisionele Taal geneem het en wie se huistaal nie Afrikaans is nie, word tot hierdie module toegelaat. Geen moedertaalsprekers van Afrikaans of studente wat Afrikaans as Huistaal geneem het, mag die module neem nie.

Die vier kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – word op 'n geïntegreerde wyse in die module behandel.

Studente maak kennis met verskeie metodes van taalstudie:

- Gevorderde interaksie rondom tematies-verwante tekste (algemeen en literêr)
- Strategiese lees- en luistervaardighede in die akademiese lesingsituasie
- Visuele media- en filmstudie
- Relevante taalstudie
- Mondeling vaardighede

Opmerkings

1. Aanbevelings vir die plasing van studente in Afrikaanse Taalverwerwing 188 of in Afrikaans en Nederlands 178 word gemaak op grond van departementele taalvaardigheidstoetse wat aan die begin van die jaar afgelê word.
2. Studente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I en die Verlengde Graadprogram vir Spraak-Taal- en Gehoorterapie I aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe word volgens die uitslag van 'n taalvaardigheidstoets in Xhosa 178 of Afrikaanse Taalverwerwing 178 of 188 geplaas.
3. Hierdie module lei nie na Afrikaans en Nederlands 278 nie.
4. Kyk departementele inligtingstuk vir verdere besonderhede.

Metode van assessering

'n Stelsel van buigsame assessering word in Afrikaanse Taalverwerwing 188 gebruik. Studente word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop die prestasiepunt bereken word en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hul vordering. 'n Mondelinge eksamen word aan die einde van elke semester afgelê.

Navrae
Modulekoördineerder: Dr E Adendorff
Tel.: 021 808 2168 E-pos: elbie@sun.ac.za